24 September 2023 – Marcel Floor

## Liturgie:
Votum & Seëngroet
Lied 164:1&2
Geloofsbelydenis – HK Sondag 24
Riglyn vir ons nuwe lewe – Jak. 2:14-18&26 (83AV)
Ps. 38-1:1&17
Gebed
Kinderkerk
Lied 205:1, 2 & 3
Skriflesing: Matt. 5:17-20 & 48, Luk. 17:7-10 (83AV)
Tema: Ons goeie dade in die hemelse hof
Preek
Gebed
Dankoffer
SB 3-5:1-4 (Melodie Lied 602)
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:
**Tema: Ons goeie dade in die hemelse hof**

1. Verlede week: Alhoewel genade God peperduur gekos het, deel Hy dit verniet uit.
2. Die beeld van ʼn hemelse hofsaal.
3. Iets verbysterend gebeur in die hofverrigtinge.
    a. Jesus gaan staan in mense se plek in die beskuldigde bank!
    b. Jesus verklaar voor die Regter dat Hy namens daardie mense al hulle sondeskuld met sy kruisdood volledig betaal het! (Rom. 3:24).
    c. Die Regter aanvaar dit so!
    d. Al verdien die sondige mense niks nie, spreek die Regter hulle nogtans vry... uit genade... net omdat Jesus se prys wat Hy betaal het met sy kruisdood vir die Regter genoeg is! (Rom. 3:24)
4. Mens sou verwag dat die aangeklagtes van blydskap sou opspring in die hof en dat hulle Jesus sou omhels!
    a. Maar die aangeklagtes is nie tevrede met die redes waarom hulle vrygespreek word nie.
    b. Hulle is omgekrap omdat Jesus vir alles betaal, en wil self ook ʼn gedeelte betaal!
5. Mens hoor hierdie teruggekibbel met die Regter in die vraag van die Kategismus: *Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?* (HK Sondag 24 vraag 62)
6. Wie is hierdie ondankbare aangeklagtes?
    a. Dit is elkeen wat nie kan aanvaar dat Jesus genoeg gedoen het nie.
    b. Soms is ons ook so, as ons ons goeie dade wil aanbied as getuienis in ons guns, om te help met ons redding. (HK Sondag 24 V&A 62)
7. Wat is die regverdige Regter se maatstaf vir ons goeie dade wat ons wil aanbied?
    a. Gal. 3:10: "*Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie <u>stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie</u>*."
    b. Matt. 5:20: "*Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie*."
    c. Matt. 5:48: "*Wees julle dan <u>volmaak</u> soos julle hemelse Vader volmaak is*."
    d. Daar is egter geen beskuldigde in die beskuldigdebank wat daaraan voldoen nie. (Rom. 3:10-12)

    e. Selfs ons beste dade is op een of ander wyse onvolmaak en met sonde besmet. (Jes. 64:6)

8. Waarop stuur hierdie hofsaak dus af?
    a. Jy kan geen goeie dade as getuienis aanbied om jouself te red nie.
    b. Aanvaar net dat dit wat Jesus gedoen het genoeg is!
9. Verdien ons goeie dade dan niks by die regverdige Regter nie?
    a. Ons goeie dade verdien niks by God nie. (Luk. 17:7-10)
    b. God beloon dit wel uit genade in hierdie lewe, en in die lewe hierna. (Ps. 19:12, Matt. 25:21, 23 ens.)
10. Maak die leer ons nie onverskillig en roekeloos nie?
    a. Nee, want dit is onmoontlik dat ʼn lewende geloof, nie ook tot dade oorgaan nie (Jak. 2:14 e.v.)
    b. ʼn Goeie boom dra altyd goeie vrugte. (Matt. 7:18)
    c. As jy in Jesus die Wingerdstok ingeplant is, sal jy baie vrugte dra. (Joh. 15:5)